



tuin van digters

buitedieboek

14 & 15 SEPTEMBER 2018

WELLINGTON

Vanjaar se tema is **buitedieboek** – met die fokus op hoe elkeen uit verskillende gemeenskappe op uiteenlopende maniere - in 'n eie gedig, deur musiek, met kunswerke, in openbare ruimtes, deur animasie, in vertalings, in en uit jou eie kop, op 'n skeppende wyse uiting gee aan woorde en frases in gedigte.

In Afrikaans, en deur ander tale in Afrikaans.



KAARTJIEPRYSE

Tweedagpakket: R300 pp (Sluit alle aanbiedings in)

Vrydag 14 September: R120 pp

Saterdag 15 September: R220 pp

Studente: R60 pp per dag (met geldige studentekaart)

Opbetaalde lede van PEN Afrikaans: Gratis

BESPREKINGS EN NAVRAE

Jeanne-Mari Gerber 021 873 2786 / 073 435 1022

besprekings@breytenbachsentrum.co.za

H/v Burger- en Malherbestraat, Wellington

SÓ HELP ONS

Francois Lötter

Bestuurder en feesorganiseerder

083 408 1902

fees@tuinvandigters.co.za

Jessica Ruiters

Administrasie en noodhulp

063 525 9636

info@tuinvandigters.co.za

Anne-Ghrett Erasmus

Breytenbach Galery

083 415 0002

galery@breytenbachsentrum.co.za

Esther Kotzé

The Book Traders boekwinkel

072 997 4813

thebooktraders@gmail.com

Marchelle van Zyl

Skakeling

076 891 3623

marchellevanzyl@yahoo.com

Kabous Meiring

Programleier

WIL JY NOG IETS WEET?

Volg Breytenbachsentrum op Facebook en

@breytenbachsent op Twitter. Hou ons webwerf,

www.breytenbachsentrum.co.za, dop vir die nuutste

inligting. Kontak ons by 021 873 2786 of per e-pos by

info@breytenbachsentrum.co.za.

BORGE

Dagbreek Trust, ATKV, Wes-Kaapse Departement van

Kultuursake en Sport, NLDTF (Nasionale Lotery),

Naspers, Het Jan Marais Nasionale Fonds, Rupert-

musiekstigting, Jannie Mouton Stigting, Prosperity

Management Africa, Drakenstein Munisipaliteit

VENNOTE

NB Uitgewers, Naledi, Kraal, Protea Boekhuis, Protea

Boekwinkel (Stellenbosch), Ons Klyntji Internasionaal,

PEN Afrikaans, Pen International, US Woordfees,

Wellington Toerisme, Print

VERBLYFBORG

Dankie aan Cummings Gastehuis. Kontak hulle

gerus: 021 873 3474

WELLINGTON TOERISME

Skakel met Wellington Toerisme by info@wellington.co.za

om jou te help met verblyf en ander inligting.



leen
Liesbeth Pienaar-Collie

DINK BUITEDIEBOEK

Want hierdie is nie 'n plek van opgee of afgee of weggee nie; dit gaan oor aangee. Nie om verdeel of opdeel nie, maar om deelname en deelwórd.

- Breyten Breytenbach (2008)

VRYDAG 14 SEPTEMBER

KYK, DAAR'S WOORDE BUIE DIE BOEK

16:00 tot laat | Digterstuin

Soek die woorde, beelde, klanke in 'n tuin vol digters in plante, bome, fonteine, mure.

NET VIR KINDERS

18:00 tot moegwordtyd | Agter die geel deur

Kinders, soek die geel deur. As jy by daardie kamer instap, kan jy jou ma of pa maar alleen los. Daar sal genoeg boeke wees om te lees, daar sal selfs vir jou voorgelees word en jy kan ook jou eie gedig skryf. Of net voor die televisie ontspan. Dis ook sommer by die Akkoordtent as jy wil gaan loer wat ma en pa en hulle maats aanvang.

RUK DIE BOEK OOP MET KLANK

17:00 – 17:50 | Akkoordtent en Tuin

Met: Plaaslike kunstenaars

Talentvolle musikante en woordkunstenaars laat almal welkom en gesellig saamkuier voor die woorde uit die boek geruk word.

FEESUITSTALLING OPEN: 'HANDSKRIF'

18:00 – 19:00 | Breytenbach Galery

Openingspreker: Johan Myburg

Henk Serfontein is die feeskunstenaar van vanjaar se Tuin van Digters. Sy nuwe uitstalling 'Handskrif' is die opvolg van sy Winterslaap-uitstalling verlede jaar by die US Woordfees in Stellenbosch en by die Breytenbach Sentrum in Wellington.

'Handskrif' is 'n versameling houtskool-en-gemengdemedia-tekeninge van sewe formidabele vrouedigters, naamlik Jeanne Goosen, Antjie Krog, Wilma Stockenström, Lina Spies, Diana Ferrus, Melanie Grobler en Joan Hambidge. Benewens 'n potret van elk is daar 'n uitbeelding van elkeen se handpalm met 'n versreël op.

OLGA KIRSCH – 'N LEWE IN GEDIGTE

19:00 – 19:45 | Akkoordtent

Met: Daniel Hugo en Egonne Roth

Toe Olga Kirsch (1924-1997) op twintigjarige ouderdom gedebuteer het, was sy – ná Elisabeth Eybers – slegs die tweede gepubliseerde digteres in Afrikaans. Sy is nog steeds die enigste Joodse digter in ons taal. Olga emigreer in 1948 na Israel en gaan voort om in drie tale te dig: Afrikaans, Engels en Hebreeus. Die Suid-Afrikaner Egonne Roth, wat ook in Israel woon, het so pas 'n biografie oor hierdie merkwaardige vrou die lig laat sien. Daniel Hugo vra haar uit oor Olga die onbeskaamde Sionis, teruggetrokke mens en boeiende digter.

DIE GROOT MISTERIE VAN TWEE VROUE – BRIEWE AAN ANNA

20:00 – 21:15 | Akkoordtent

Samestelling en regie: Annekie Botha du Plessis (Pooka Uitgewers)

Met: Petru Wessels en Carel Trichardt (voorlesers) en Olga Leonard en Babette Viljoen (musiek)

Die digter TT Cloete het briewe aan sy vrou Anna begin skryf van 2002 toe sy met ongeneeslike kanker gediagnoseer is en net 3 maande lewensverwachting vir haar voorspel is. Hy het die briewe nooit vir haar gegee om te lees nie om emosionele redes. Hy het aangehou met die skryf van die briewe totdat sy in 2007 oorlede is, maar die verstommende daarvan: Hy het na haar sterwe steeds daarmee voortgegaan tot met sy eie dood in Julie 2015. Anna was ná haar dood, soos gedurende haar lewe, steeds die anima van sy digterskap.

ONTGIN – WOORDE IN KLANKBAANKLANKE

21:30 – 22:30 | Akkoordtent

Moontlik gemaak deur Rademan Produksies

Met: Elsabé Daneel (voordrag), Niël Rademan (klavier en sang), Lucas Heinen (trekklavier) en Louis Jones (perkussie)

Uit die boks en uit die boek ontgin dié groep kunstenaars die musikaliteit van hul gunstelingdigters. Rademan en sy groep voer nuwe toonsettings uit en skep 'n klankbaan vir Daneel se gunstelinggedigte deur onder andere Breyten Breytenbach, Zandra Bezuidenhout, Antjie Krog, Ignatius Mocke, Loftus Marais, Boerneef, Ingrid Jonker, Peter Blum en Eugène Marais. Kom luister hoe hulle die hart van uitgesoekte gedigte verklank om 'n nuwe dimensie aan hierdie digters se kleinode te gee.

GRATIS VIR PEN AFRIKAANS SE LEDE

Lede van PEN Afrikaans, wat hom onder meer beywer vir die bevordering van Afrikaanse woordkuns en die letterkunde in die algemeen, sowel as vir uitdrukkingsvryheid en taalregte, se lede wie se ledegeld opbetaal is, kan die Tuin van Digters gratis bywoon. Vir vereistes vir lidmaatskap vir PEN Afrikaans, besoek www.litnet.co.za/pen-afrikaans-aansoekvorm/. PEN Afrikaans is deur sy lidmaatskap van PEN International die verteenwoordiger van sy lede en die Afrikaanse skrywersgemeenskap in 'n internasionale verband.

WAT JY MOET WEET

Daar is **twee ingange tot die Tuin van Digters:**

In Burgerstraat langs die hoofgebou by die hek na die tuin en by die parkeerterrein regs agter die sentrum deur die groot hek.

Alle vertonings, behalwe as dit anders aangedui word, sal in die **Woordtent** en die **Akkoordtent agter die hoofgebou** aangebied word.

Digters se **bundels** sowel as ander bundels en boeke sal by die **Protea Boekwinkel** in Stellenbosch se **stalletjie** in die **Akkoordtent te koop** wees. Besoek ook **The Book Traders**, die tweedehandse boekwinkel op die grondvloer van die hoofgebou.

Verversings sal in die Bôrdienhuis Teater te koop wees. Soek jy 'n kunstige geskenk? Besoek die Kardoeswinkel langs die Breytenbach Galery vir kunsgeskenke.

AGTER DIE GEEL DEUR – NET VIR KINDERS

Tuin van Digters is vir jonk en oud. Almal dink en ervaar anders en kan bymekaar leer. Al sit jy net en kyk wat hulle doen. Net langs die Akkoordtent agter die geel deur is 'n interaktiewe lokaal waar kinders besig gehou word of hulleself op skeppende maniere kan vermaak. Daar sal genoeg boeke wees om te lees en, daar sal selfs vir jou voorgelees word as jy wil en jy kan ook jou eie gedig skryf. Of net voor die televisie wil ontspan.



SATERDAG 15 SEPTEMBER

TUINWOORDE

08:00 tot laat | Digterstuin

Bly soek buite die bundels en boeke en koppe in plante, bome, fonteine, mure na woorde, mense, diere, voëls, water, beelde, klanke in 'n tuin vol digters en gedigte.

NET VIR KINDERS

08:00 tot moegwordtyd | Agter die geel deur

Kinders, soek die geel deur. As jy by daardie kamer instap, kan jy jou ma of pa maar alleen los. Daar sal genoeg boeke wees om te lees, daar sal selfs vir jou voorgelees word en jy kan ook jou eie gedig skryf. Of voor die televisie ontspan. Dis by die Akkoordtent as jy wil gaan loer wat ma en pa en hulle maats aanvang.

DIE NUWE PIEMBERS

08:30 – 09:20 | Akkoordtent

Met: Ashlene Ayford en Marlize Fortuin

'n Groep leerders van Weltevrede Sekondêr in Wellington is geruime tyd reeds besig om naam vir hulself te maak. Dit nadat Thérèse Hulme hulle by haar haar Piemp-projek – 'n inisiatief wat sy in 2005 in Kraaifontein begin het om digkuns onder jongmense te bevorder – in samewerking met die Breytenbach Sentrum betrek het. Die groep het leerders het intussen hulle eie nuwe naam gekry en lees en sing en rymklets hulle gedigte.

I WISH I'D SAID (AVBOB-POËSIEPROJEK)

08:30 – 09:20 | Woordtent

Met: Daniel Hugo (Afrikaanse redakteur van die bundel) en opdragdigters Johan Myburg, Danie Marais en Jolyn Phillips
Ondersteun deur Naledi

In hierdie besondere bundel wat deel uitmaak van die AVBOB-poësieprojek het digters van oor die hele land in al elf amptelike landstale gedigte ingeskryf wat elke leser se hartsnare sal roer. Soos die titel aandui, is die hooftema dit wat ongesê gebly het na die afstaan van 'n geliefde aan die dood. Rou en verlies word op verskillende maniere verwoord. Soms word daar troos en hoop gevind, soms ook nie.

VLAAMSE DIGTERS IN AFRIKAANS

09:30 – 10:20 | Woordtent

Met: Daniel Hugo en Yves T'Sjoen

Daniel Hugo het reeds drie Vlaamse digters in Afrikaans vertaal: Herman de Coninck, Leonard Nolens en Miriam Van hee. Hy vertel vir prof. Yves T'Sjoen van die Universiteit van Gent van die uitdagings wat die digkuns aan 'n vertaler stel, en van die unieke wisselwerking tussen die sustertale Nederlands en Afrikaans. Dit is twee susters wat nie altyd in vrede met mekaar saamleef nie. 'n Gesprek oor die vertaler as versoener.

'CONVERSE' IN DRIE TALE

10:30 – 11:10 | Akkoordtent

Moontlik maak deur PEN Afrikaans, PEN International en die US Woordfees

InZync Poetry het vanjaar ConVerse, 'n vertaalbundel van jong digters, in samewerking met die US Woordfees gepubliseer. Kom luister hoe van hierdie opwindende stemme hul gedigte voorlees in die taal waarin hul skryf, met vertalings. Met Pieter Odendaal, Adrian van Wyk, Siphosethu Phikelela, Mbongeni Nomkhonwana, Siphokazi Jonas, Jolyn Phillips en Rimestein.

FERRUS SE MENGELMOESDIGTERS

10:30 – 11:10 | Woordtent

Met: Diana Ferrus, Gaireyah Fredericks, Jacqueline Saaiman, Adriaan Williams, Cecil Carolissen, Sophia Oliphant, Merle Danhouse, Fiona Fertyn, Theresa Carstens en Annelise Laban.

Die Mengelmoesdigters het hul ontstaan te danke aan 'n projek wat onder leiding van die digter Diana Ferrus met die samewerking van die Breytenbach Sentrum begin het. Hulle kom gereeld byeen en tree by digters- en ander samekomste op. Kom vind uit hoe hierdie skeppende siele hul gedigte skryf. Hulle lees ook van hulle gedigte voor.

BREYTEN IN ENGELS

11:10 – 12:00 | Akkoordtent

Met: Ampie Coetzee en Johan Nel (voorlesings)

Stemkunstenaar Johan Nel lees van Breyten se gedigte voor, soos in Engels vertaal deur Ampie Coetzee. Ampie praat oor die probleme by die vertaling. Die Afrikaanse en die Engelse tekste word op 'n skerm afgebeeld.

IDENTITEIT EN DIE POËSIE VAN HIP-HOP

12:10 – 13:00 | Woordtent

Met: Annie Klopper en Jaco van der Merwe (Bittereinder)

Is rap poësie? Mag wit mense rap? En is dit alles net spog, spoeg en swets, of skuil daar meer agter? In 2017 het Annie Klopper 'n doktrale studie oor identiteitskonfigurasies in wit Afrikaanse rap-musiek voltooi as deel van haar navorsing van lirieke as literatuurvorm en die rol van musiek in die skep en uitdruk van identiteite. Sy praat met rapper en digter Jaco van der Merwe van die elektro-rapgroep Bittereinder.

THE BUCKFEVER UNDERGROUND

13:10 – 13:50 | Akkoordtent

Met: Toast Coetzer (woorde), Stephen Timm (tromme) en Michael Currin (kitaar)

The Buckfever Underground bestaan al sedert 1998 en speel tans as trio. Hulle tree by feeste op, maar verkies intieme venues soos sitkamers, stoepe en agterplase. Hulle musiek word geïmproviseer en die Afrikaanse en Engelse gedigte wat hulle daarby voordra, skep 'n luisterstroom waarin die gehoor hulself kan verloor.

'CONVERSE': VERSE, DIGTERS, TALE

14:00 – 14:50 | Woordtent

Aangebied deur PEN Afrikaans & PEN International
Met: Danie Marais en ander

Vyftien opkomende digters wat in Afrikaans, isiXhosa en Engels werk, het gedigte bygedra tot die bundel ConVerse wat vanjaar deur InZync Poetry en die US Woordfees uitgegee is. Die gedigte is vertaal en in al drie tale ingesluit. Danie Marais gesels met die samestellers en van die digters: Annel Pieterse, Mbongeni Nomkhonwana, Pieter Odendaal, Siphokazi Jonas en Jolyn Phillips. Hulle sal gesels oor die uitdagings en vreugdes van poësie.

'PARYS SUITE' EN 'PARYS ETUDES'

15:00 – 15:50 | Akkoordtent

Met: Diek Grobler, Carina van der Walt, Bernard Odendaal en Franci Greyling

'n Bespreking van gedigte buite die tradisionele konteks van 'n gepubliseerde bundel. Die middelpunt van 'Parys Suite' is 'n poësiefilm deur Diek Grobler met 'n trio van gedigte deur Carina van der Walt. Grobler se visuele spel met Van der Walt se gedigte vind ook neerslag in werke op papier. Die twee stel ook 'n kunstenaarsboek 'Parys Etudes' bekend waarin Van der Walt haar beleving van Parys verwoord, geïllustreer deur Grobler.

SATERDAG 15 SEPTEMBER

WILLEMEN/PHILOMÈNE&

16:00 – 16:40 | Akkoordtent

Met: Willemien Rust

Willemien/Philomène& is 'n kruising tussen 'n Afrikaanse liedjieskrywer met 'n Franse alter ego en 'n kreatiewe entrepreneur. Sy het 'n M-graad in Frans en het dit tot 2016 as vak aangebied. Sy is betrokke by verskeie produksies saam met ander kunstenaars soos Adelle Nqeto, Pieter Bezuidenhout, James Robb, sjef Renette Vosloo en Jude HarpStar. In hierdie solovertoning skakel haar komposisies in Afrikaans en Frans tematies met bekende Franse liedjies van onder meer Frankryk, België en Wes-Afrika.

UIT 'N JONG DIGTER SE PEN

16:00 – 16:50 | Woordtent

Aangebied deur NB Uitgewers

Met: Pieter Odendaal

Asof geen berge ooit hier gewoon het nie deur Pieter Odendaal is 'n verweefde debuut uit 'n jong digter se pen. Met 'n eietydse aanslag skryf hy oor die politiek van verskil in 'n multikulturele samelewing, die natuur, verganklikheid, menswees, die liefde, en die studentepolitiek. Pieter is 'n digter, vertaler en uitvoerende direkteur van InZync Poetry.

DANIEL HUGO – VERS & KAPITTEL

17:00 – 17:50 | Woordtent

Met: Daniel Hugo en Johan Myburg

Daniel Hugo is al vir 40 jaar deel van die Afrikaanse literêre wêreld. Om dit te vier het daar vanjaar 'n keuse uit sy skryfwerk verskyn. *Vers & Kapittel* is die neerslag van 'n lewenslange bemoënis met die digkuns, waarby enkele outobiografiese stukke skaamteloos ingesmokkel is. Die digter Johan Myburg pols hom oor wat in dié bundel staan en oor wat daar dalk nie staan nie.

HANNES COETZEE & TRIBAL ECHO TRIO

17:00 – 17:50 | Akkoordtent

Met: Hannes Coetzee (lepel-kitaarspeler), Frazer Barry (hoofsanger), Earl Witbooi (baskitaar) en Deniel Barry (tromme)

Tribal Echo en Tuin van Digtters is soos boek en bundel. Dié keer bring hulle vir Hannes Coetzee saam om bykomende woema by hulle besondere musiek te sit.

ONS KLYNTJI INTERNASIONAAL – KAAPSE BEKENDSTELLING

18:00 – 18:45 | Woordtent

Aanbieder: Toast Coetzer

Voorlesings deur: Alice Inggs, Tom Dreyer, Frederick J. Botha, Marguerite Lamey, Zian Blignaut, Jaco van Schalkwyk, Christine Coates, Sjaka Septembir, Louis Duvenage, Vusumuzi Mpofo en Mariechen Basson.

Ons Klyntji is 'n alternatiewe, veeltalige zine wat gedigte, kortverhale, fotografie en comics publiseer. Hierdie is die Kaapse bekendstelling van die 2018-uitgawe (jaargang 122) en van die digters en skrywers lees hulle gedigte en verhale voor. Kopieë te koop!

AFRIQUE MON DÉSIR (AFRIKA MY VERLANGE)

19:00 – 20:00 | Akkoordtent

Met: Laurinda Hofmeyr, Schalk Joubert (baskitaar), Chris Bakalanga (kitaar & sang) & Dea Kinzunga-Walo (sang)

In Afrique mon désir (Afrika my Verlange) bekoor bekroonde sanger en komponis Laurinda Hofmeyr gehore met 'n samestelling van komposisies vanaf haar nuutste album met dieselfde titel. Hofmeyr, bekend vir haar toonsetting van gedigte van bekende Suid-Afrikaanse digters soos Breyten Breytenbach en Antjie Krog, gooi dié keer haar blik ook na die res van Afrika en ontdek die kontinent se mees prominente digstemme van Madagaskar na Mauritanië, van Tjaad tot Kameroen. Aansteklike ritmes en meusleurende wêreldmusiek gekombineer met gevierde kunstenaar Diek Grobler se animasiekuns.

RUK DIE MUSIEK UIT DIE BOEK

20:30 – laat | Akkoordtent

Met: Riku Lätti, Jacki Lätti, Frazer Barry, Bacchus Nel, Churchil Naude, die Mark Tunes Bands en ander vriende uit die Tuin van Digtters

Die Wasgoedlyn se digtersangers en musikante van die nag is weer hier om die Tuin van Digtters op 'n plesierige hoogtepunt af te sluit. En moenie 'n verrassing of twee op die verhoog uitsluit nie!

GROEPUITSTALLING BUITEDIEBOEK

Van Vrydag 16:00 in die saal op die grondvloer van die hoofgebou

buite – 1. nie binne die grense van iets nie, buitekant...

2. nie binne 'n bepaalde plek of ruimte nie. 3. verder as

boek – 1. 'n saamgebinde aantal gedrukte of beskrewe blaaie.

2. Die gedagte inhoud van 'n derglike verbinding blaaie

Met hierdie tema neem ons die digkuns en woord na buite en na publieke ruimtes: 'n Groepuitstalling met o.a. Elza Miles, Gustav Bester, Marlouw Walters, Susan Bloemhof, Andre du Toit, JP Meyer, Ronel Bakker, Ade Kipades, Anton Brink, Naomi Wessels, Van Wessels, Mitch de Villiers, Pierre Botes, Clare Menck, Elsibe McGuffog, Desiree Malan, Rae Goosen en ander.

'HANDSKRIF' – DEUR FEESKUNSTENAAR HENK SERFONTEIN

Opening Vrydag om 19:00 | Breytenbach Gallery, Eerste vloer, Hoofgebou

Met: Johan Myburg (openingspreker)

handskrif - s.n.w. 1. Skrif wat met die hand uitgevoer word, d.w.s. nie drukskrif nie. Lopende – 2. Iem. Se besondere manier van skryf. Hy het 'n lelike – 3. Geskrewe getikte teks, manuskrip; teks wat nog nie gedruk is nie. Hy besit waardevolle – e. 'n Digbundel in – handskrifdeskundige, -ontleding.

Feeskunstenaar Henk Serfontein se 'Handskrif' belig die binnelewe van sewe formidabele vrouedigtters, naamlik Jeanne Goosen, Antjie Krog, Wilma Stockenstrom, Lina Spies, Diana Ferrus, Melanie Grobler en Joan Hambidge.

'PARYS SUITE' – BUIE DIE TRADISIONELE KONTEKS

Opening Saterdag om 09:00 | Agter die Rooi Kosyn, eerste verdieping

Met: Diek Grobler

Die middelpunt van 'Parys Suite' is 'n poësiefilm deur Diek Grobler met 'n trio van gedigte deur Carina van der Walt. Die projek het ontstaan tydens 'n residensie in die *Cité Internationale des arts* in Parys, en is 'n persoonlike portret van die stad soos gesien deur 'n kunstenaar en verwoord deur 'n digter. Die portret vind vergestaltung in drie tipiese simbole van die stad: Edit Piaf, 'n besoek aan die Mona Lisa in die Louvre, en 'n publieke protes op die Place de la République. Grobler se visuele spel met Van der Walt se gedigte vind neerslag in werke op papier, wat speels met die gedigte omgaan: 'n leporello (konsertina-boekie) van die gedig 'Amon L'isa', en 'n gedekonstrueerde boekie oor 'Piaf' waarin die kunstenaar vrypostig peuter met die konsep van konkrete poësie.

*Die poësiefilm sal elke uur op die uur (10:00-20:00) in die klein teater op die grondvloer vertoon word.